Die Voortrekkers



V L A G S I M B O L I E K

VOORTREKKERSIMBOLIEK VAN DIE NASIONALE VLAG

1. INLEIDING

Die Voortrekkers heg die simboliese betekenis soos hieronder uiteengesit aan die vlag. Daarvoor neem *Die Voortrekkers* die grondslag, wese en doelstellings as uitgangspunt. Met die bekendstelling van die nasionale vlag is dit spesifiek gestel dat daar geen simboliese waarde aan die vlag en sy samestelling gekoppel is nie en dat persone of instansies vry is om self simboliek daaraan te koppel.

2. ONTWERP

Die nasionale vlag is reghoekig in die verhouding van twee in die hoogte tot drie in die lengte gaffelsgewys vanaf die broeking verdeel, die boonste baan rissierooi en die onderste baan blou met 'n swart driehoek teen die broeking; oor die verdelingslyn heen 'n groen gaffel, een vyfde die vlaghoogte wit omsoom teen die rissierooi en die blou en goud teen die swart driehoek teen die broeking; die breedte van die gaffel tesame met die omsomings is een derde van die vlaghoogte.

3. BETEKENIS VAN 'N NASIONALE VLAG

'n Nasionale vlag word as simbool gebruik om die land wêreldwyd amptelik as staatkundig-onafhanklike gebied te identifiseer.

4. SIMBOLIEK VAN DIE KLEURE VAN DIE NASIONALE VLAG

Die nasionale vlag bevat ses kleure wat afkomstig is uit staatkundige vlae wat in die verlede oor gedeeltes van Suid-Afrika gewapper het.

Die geskiedkundige-heraldiese betekenis van die verskillende kleure en die simboliek wat *Die Voortrekkers* daaraan heg, is soos volg:

Rooi (of rooi elemente) en oranje (wat heraldies nie van rooi onderskeibaar is nie) Dit is gewoonlik die kleur wat gebruik word wanneer gevaar dreig, waarskuwing van 'n oorlog, van krygswet, van rewolusie, van protes. In die vlag dien dit nie as 'n gevaarkleur nie, maar dui op die beskerming teen daardie gevaar. Rooi is dus die kleur van moed, dapperheid en durf.

Wit of silwer dui op vrede, vredesonderhandelinge of oorgawe. In die vlag beteken dit vir 'n Voortrekker die vrede van Christus.

Blou dui vir 'n Voortrekker op 'n hoopvolle toekoms wat in die geloof binnegegaan word.

Groen dui op veiligheid, voortgang. Vir 'n Voortrekker versimboliseer dit geborgenheid wanneer dit in die vlag voorkom.

Goud of geel dui op kwarantyn, siekte of waarskuwing. Vir 'n Voortrekker simboliseer dit 'n waarskuwing wanneer dit in die vlag voorkom.

Swart is die kleur wat dood, rou, protes of anargie aandui. Vir 'n Voortrekker versimboliseer dit protes.

Die kleure van die vorige **staatkundige** vlag is in die nasionale vlag opgeneem. So kom die rooi, wit en blou kleure voor in die vlae van Nederland, Frankryk en Brittanje. Die groen kleur kom voor in die vlae van die Nuwe Republiek (Vrystaat) en die Zuid-Afrikaanse Republiek (Transvaal). Die goud het as oranje in die vlag van die Oranje-Vrystaat voorgekom. Die swart kom vanaf die vlag van die Republiek Goosen.

5. SIMBOLIEK VAN DIE VORM VAN DIE NASIONALE VLAG

Die gaffel wat die vlag verdeel, en dan spesifiek die groen kleur daarvan wat op geborgenheid dui, simboliseer die voortgesette roeping om deur arbeid, gebed en in geloof die Christelike beskawing in Suid-Afrika uit te bou.